
SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 18-Jan-2005
Topic: 05
Ref No: 93
1
ID: 03173138-01
Source Page: 10

# Afrikaan-wees het geen grense



DINSDAG AKTUEEL

JONATHAN JANSEN

TIEN jaar later sukkel ons Suid-Afrikaners steeds om te besluit presies wie ons is. Dit help nie juis as die president gereeld (op die amptelike ANC-webwerf) twyfel saai oor die idee dat 'n enkele identiteit as Afrikane toenemend besig is om na vore te tree uit die uitgediende konsep van Twee Nasies nie.

Ek het opgegroei met 'n romantiese weergawe van die ANC se geskiedenis, naamlik dat dit 'n beweging was wat hom sedert 1912 toegewy het daaraan om (kunsmatige) grense, gebaseer op stam, ras of etnisiteit, af te breek.

Toe lees ek egter die afgelope vakansie Luli Callinicos se biografie van Oliver Tambo (*Beyond the Engeli Mountains*) en vind, tot my verbasing, dat daar dwarsdeur sy onlangse geskiedenis konsekwent vrae en worsteling binne die beweging was oor die plek van nie-Afrikane (in die eng sin van die woord) in die ANC-strukture en -leierskap. Dit is geen wonder nie dat die konstante geïrriteerdheid bly voortbestaan by die Afrikane-elite met diegene wat volgens hul definisie buite hierdie ongelukkige klassifikasiestelsel van apartheid val. Maar hierdie worstelinge word ten beste in die alledaagse lewe waargeneem.

Die pragtige Spier-wynlandgoed buite Stellenbosch het onlangs (wat hulle noem) 'n Afrika-restaurant toegevoeg tot die versameling duur winkels. Moyo, soos dit genoem word, het al my negatiewe stereotipes oor die eng soeke na 'n Afrikane-identiteit bevestig. Hier, in die hart van Afrika, is 'n restaurant wat aanspraak maak daarop om "outentiek uit Afrika" te wees. Kan jy jou dit voorstel dat jy Italië besoek en 'n ophef gemaak word daaroor dat jy 'n "outentiek Italiaanse" restaurant binnegaan? Verdomp, dit is Italië en jy verwag Italiaanse restaurante.

Dit is kennelik nie die geval hier nie.

'n Swart Afrikaan, geklee in tradisionele Afrika-drag, het ons teësinnig betrek by sy saamgeflanste storie oor hoe outentieke Afrikane alle aspekte van hierdie Afrika-restaurant ontwerp het, dat die kos slegs Afrika-kos was, dat die musiek puur Afrika-musiek was en dat die ontwerp van die sitplekke suiwer Afrika-ontwerpe was, die tent en die na-die-hoofmaaltyd-sitplekontwerpe ingesluit.

Wat hy ons natuurlik nie meegedeel het nie, is of die winste Afrika-bestemmings het.

My irritasie met hierdie wesenlikmaking van die idee van Afrika-identiteit het toegeneem, maar ek moes ter wille van my Europese gaste ordentlik bly. Ek kon egter beswaarlik my ergerlikheid beteuel toe hy ons begin trakteer op 'n storie dat die messegoed nie meer as een keer op enige van die dosyn of so borde gebruik word nie, "want ons wil nie hofsake teen ons hê as jy dalk sou siek word nie . . . " Let wel, daar was geen suggestie dat dit bloot 'n grap was nie. Wat 'n spul twak! Geslagte Afrikane, uit alle vlakke van die samelewing, het oorleef deur met hul hande te eet en plaaslike implemente te gebruik. Is daar nou skielik ras-spesifieke kieme in die Afrika-lug wat Europese reisigers uitwis indien hulle dieselfde vurk twee keer gebruik? En dan, natuurlik, die musiek. Kan iemand aan my verduidelik waarom die Afrika-kultuur en -musiek so maklik tot rubberstewel- (*gumboot*) danse gereduseer word?

Ongeveer 150 km van Moyo is daar nog 'n Afrika-restaurant genaamd Strandlopers. Hierdie pretensielose restaurant bestaan uit niks meer nie as tentseile en visnette oor har-

de sementsitplekke. Daar was geen toespraake oor Afrika-outentisiteit of enige pretensies oor "anders wees" as die talle ander visrestaurante in die Langebaan-omgewing nie. Die enigste toespraak was om nie tydens die vier uur lange verblyf te vroeg te veel te eet nie.

Die verskeidenheid visgeregte het die spektrum gedek van visgeregte wat oor eeue heen berei is, deur elke moontlike tipe Afrikaan, wit en swart. Die speserye het ons Maleier-oorspronge gereflekteer; die bredies ons Europese wortels; die gebraaide geregte ons vroeë strandloperwortels. En die musiek – aangebied deur twee plaaslike kitaarspelers – het 'n pragtige vermenging bevat van Suid-Afrikaanse musiek uit alle oorde, al moet ek erken dat ek 'n spesifieke voorkeur gehad het vir die liedjie oor "Nellie met haar heupie van jellie". Ek het nog nooit meer Afrikaan gevoel nie as in hierdie opelug-restaurant langs die koue Weskuswaters maar warm vriendelikheid van die plaaslike mense. En daar was geen messe of vurke nie – slegs mosselskulpe wat herhaaldelik vir al die verruklike geregte gebruik is. En ons het almal oorleef!

Ons grootste uitdaging is om te erken dat daar so baie maniere is waarop ons Afrikane kan wees dat, selfs al behoort afgeskeepte kulture, tradisies en tale groter sigbaarheid te geniet, ons nie hierdie bewustheid en teenwoordigheid hoef te probeer bevorder deur appèlle tot een of ander "outentieke Afrikaanheid" wat iewers weggesteek lê in ons grade van swartheid nie.

En ons behoort vrede te maak met die feit dat die Europese invloed op Suid-Afrika onteenseglik deel vorm van dit wat ons sulke ryk, diverse en unieke Afrikane maak.

● Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.